Grootskaalkaarte*

Siyavula Uploaders

This work is produced by The Connexions Project and licensed under the
Creative Commons Attribution License †

1 AARDRYKSKUNDE

2 Graad 4

3 KAARTWERK

4 GROOTSKAALKAARTE

5 Module 7

6 Grootskaalkaarte

7 1.Die Wêreld

'n Ronde kaart van die aarde word 'n aardbol genoem.

*Version 1.1: Jun 14, 2009 1:46 pm -0500
†http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Figure 1

Het jy al probeer om ‘n stukkende bal oop te sny en plat te druk? Net so moeilik is dit om ‘n ronde aarde op ‘n plat kaart uit te beeld. Daarom dui die meeste wêreldkaarte die aarde as “plat” aan.

8 2.Afrika (my kontinent)

- Die kontinent waarop jy woon se naam is .....
- Afrika is die tweede grootste kontinent in die wêreld. Afrika bestaan uit 49 lande. ‘n Land is ‘n stuk aarde binne ‘n vaste grens. Die grenslyn skei een land van ‘n ander.

Figure 2

Figure 3



Figure 4

8.1 Aktiwiteit 1

8.2 Om die wêreldkaart te lees [LU 1.5]

Bestudeer die wêreldkaart op die vorige bladsy en beantwoord die vrae.

1. Hoeveel kontinente (vastelande) is daar? .....
2. Watter kontinent is die grootste? .....
3. Watter kontinent is die kleinste? .....
4. Watter oseaan is tussen Afrika en Suid-Amerika? .....
5. Watter oseaan is tussen Suid-Amerika en Australië? .....

8.3 Aktiwiteit 2

8.4 Kaartwerk: Afrika [LU 1.5]

Kleur nou al die lande op die Afrika-kontinent wat met 'n "N" begin, bruin in.

1. Kleur jou land (Suid-Afrika) rooi in.
2. Skryf die name neer van die lande wat teenaan Suid-Afrika lê.

Sulke lande wat teenaan 'n ander land lê, word 'n**buurland**genoem**.**

9 3. Suid-Afrika (My land)

- Suid-Afrika lê aan die suidpunt van die kontinent Afrika. Ons land, soos alle ander lande, word deur 'n regering bestuur wat ook die wette van die land maak.
- Kyk nou mooi na die volgende kaart van Suid-Afrika.



Figure 5

Binne 'n land se grense is daar nog ander grense wat die land weer in provinsies opdeel.

- Hoeveel provinsies het Suid-Afrika? .....
- Grense word deur mense daar gestel en daarom kan dit verander word. Tot 1994 het Suid-Afrika slegs vier provinsies gehad.

9.1 Aktiwiteit 3

9.2 Kaartwerk [LU 1.5]

Kyk goed na die sleutel van die kaart van Suid-Afrika en beantwoord die volgende vrae:

1. Watter groot bergreeks vind ons in Kwazulu-Natal?
2. Noem drie grondstowwe wat in die Noord-Kaap gemyn word.
3. Watter provinsie is die verste Noord geleë?

4. Watter rivier mond op die noordelike grens van die Noord-Kaap in die Atlantiese oseaan uit?
5. In watter oseaan sal jy swem as jy by Durban vakansie hou?
6. Watter provinsie is die kleinste?
7. In watter provinsie bevind jy jou as jy in Port Elizabeth vakansie hou?
8. Waar / Onwaar? Die steenkool wat in Mpumalanga gemyn word, kan met skepe na ander land uitgevoer word.

9.3 Aktiwiteit 4

9.4 Om inligting uit bronne te gebruik om vrae oor mense en plekke te beantwoord [LU 1.5]

Julle opvoeder gaan 'n muurkaart van die wêreld in die klaskamer ophang. Luister elke dag na die wêreldnuus en lees koerante. Bring berigte wat betrekking het op Aardrykskunde klas toe en laat jou opvoeder met 'n kopspeld op die muurkaart aandui op watter kontinent die gebeure plaasgevind het. Bepreek dit en vorm en gee jou eie opinie.

9.4.1 Kom ons hou met hierdie opdrag vol tot die einde van die jaar!

10 Assessering

11 LEERUITKOMS 1: AARDRYKSKUNDIGE ONDERSOEK

Die leerder is in staat om ondersoekvaardighede te gebruik om aardrykskundige en omgewingsbegrippe en -prosesse te ondersoek.

11.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder

1.5 belangrike staatkundige grense en belangrike menslike en fisiese kenmerke op grootskaalkaarte identifiseer.

12 Memorandum

Grootskaalkaarte

12.1 Afrika

1. 7
2. Asië
3. Europa

4. Atlanties

12.2 Stille

2. Namibië, Botswana, Zimbabwe, Mosambiek

12.3 9

1. Drakensberge
2. Koper, diamante, yster
3. Limpopo
4. Oranje

5. Indiese
6. Gauteng
7. Oos-Kaap

8. O – geen hawe